SABT Raad aanvaar uitdaging tot hernuwing

Bron: SABT Raad
Datum: 11 Maart 2008

Gewaardeerde lid van die SABT, Boerboelvriende en lede van die publiek – wêreldwyd.

Die SABT-raad voorsien u graag feitelik van inligting oor huidige kwessies in die Vereniging.

STAND VAN SAKE EN VERKLARING

Stand van sake in die SABT

- Die SABT is 100% funksioneel en doen besigheid soos gewoonlik.
- Die SABT is finansieel baie gesond en behou die hele infrastruktuur en middele tot sy beskikking om diensvlakke te onderhou. Daar word ook beplan om nog meer in die tegnologiese infrastruktuur te belê met die doel om ons diensvlakke substansieel te verbeter.
- Alle keuringsdae en Boerboelskoue sal steeds, soos gepubliseer, plaasvind.
- Sommige Raadslede het bedank, maar die Raad is steeds goed verteenwoordig. Die res van die Raadslede sal steeds voortgaan om na die belange van die Boerboel en die SABT om te sien.
- Lede wat enige verdere inligting verlang, is welkom om die Kantoor (056 21 2 9000) of die Voorsitter (082 927 0021) te skakel.

Verklaring

Die AJV wat vir 2008/02/23 geskeduleer was

- Die Voorsitter het die vergadering verdaag nadat ’n mosie van die vloer af geopper was dat die vergadering nie behoorlik gekonstitueer was nie weens die publikasietye van die finale kennisgewing en sakelys aan lede.
- ’n Groep bekommerde telers en lede het ‘n informele vergadering belê en ’n lys van bekommernisse saamgestel wat ter oorweging aan die Raad voorgelê is.
- Lukas van Vuuren het die bespreking gefasiliteer en is gevra om die Raadsvergadering van 2008/03/07 by te woon en as bemiddelaar op te tree.
- Die uitslag van hierdie vergadering sal aan die volgende Algemene Jaarvergadering gekommunikeer word.

Nuwe Boerboelorganisasie

- Die Raad van die SABT neem met teleurstelling kennis dat ’n vierde Suid-Afrikaanse Boerboelorganisasie gestig is.

Die pad vorentoe

- Die SABT het by ’n punt in sy bestaan gekom waar hy homself sal differensieer op die gebied van voortreflikheid met betrekking tot rasverbetering.
- Nadat die nodige proses van konsolidasie en vernuwing afgehandel is, kan lede verbeterde diensvlakke, sowel as wetenskaplike en verbeterde tegnologiese ingryping verwag – om rasverbetering te ondersteun.
- Verbeterde diensvlakke sluit in dat die SABT die wye veld van elektroniese deelname deur lede ondersoek, veral wat stemming en besluitneming betref. Bogenoemde het ten doel dat die SABT ’n telersvereniging sal wees wat deur sy lede bestuur word.
- Ons doen ‘n beroep op lojale SABT-lede en ondersteuners om die nuus uit te dra dat die SABT soos nog nooit te vore in die geskiedenis nie, op die vooraand van ’n herlewing staan.
- Verder nooi ons ook SABT-lede en lede van die publiek uit om enige verdere voorstelle te maak – u insette word altyd waardeer.

Die enigste gegewe in die lewe is *verandering* – geen volhoubare groei oor ’n tydperk is moontlik sonder *verandering* nie – omhels en gryp dit aan!!

Frans du Toit
Voorsitter: SABT-Raad